

HUISGODSDIENS

Palm 62

Net by God vind ek rus

“Vir die koorleier. ’n Belydenis. ’n Psalm van Dawid.

2Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding.

3Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, sodat ek vas en stewig staan.

4Hoe lank wil julle almal nog beskuldigings bly slingeren my probeer doodmaak,

’n man wat reeds is soos ’n muur wat wil omval, ’n klipmuur wat omgestoot word?

5Hulle probeer my uitwerk; hulle skep behae in leuens; met die mond seën hulle, in die hart vervloek hulle. Sela

6Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek.

7Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, sodat ek stewig staan.

8God is my redding en my krag. Hy is my rots, my sterkte, God is my toevlug.

9Vertrou altyd op Hom, my volk, stort julle hart voor Hom uit! God is vir ons ’n toevlug. Sela

10Mense is verganklik, mense is niks: op ’n skaal wys hulle geen gewig nie, saam is hulle minder as niks.

11Moenie op geweld vertrou nie; roof sal jou niks in die sak bring nie. As jou rykdom toeneem, moenie dat dit joute na aan die hart lê nie.

12Een ding het ek God hoor sê, nee, twee: dat net God mag het

13en ’n mens net op U, Here, kan vertrou, en dat U met elkeen handel volgens sy verdienste.”

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

- Wat hoor jy as jy die woord rus hoor?
- Wat hoor jy as jy red hoor?
- Hoe is dit om te vind en te soek?
- Hoe soek en vind ons God?

Dinsdag

- Mense het die lewe vir die digter moeilik gemaak, op watter maniere?
- Het so iets al met jou gebeur?.
- Het daar al iets anders met jou gebeur wat die lewe vir jou ongelukkig gemaak het ?
- Hoe het dit jou laat voel?

Woensdag

- In vers 10 en 11 waarsku die teks ons op wat ons nie ons vertrou moet sit nie, kan jy dit sien?
- Hoekom sal die teks so sê?
- Het die teks al op jou lewe van toepassing gewees?

Donderdag

“2Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding.

3Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, sodat ek vas en stewig staan.”

“12Een ding het ek God hoor sê, nee, twee: dat net God mag het
13en ’n mens net op U, Here, kan vertrou,”

- Wat beteken die gedeelte vir jou?
- Hoe kan dit jou lewe beter maak?